

# Hoe antwoord ek iemand van 'n kulte?

## 1 AGTERGROND

### 1.1 OOREENKOMSTE

Ons moet onthou dat daar sekere ooreenkomste is tussen die Ware kerk en die kulte. Hulle ken hierdie ooreenkomste en sal daarby aansluiting soek om ander mense te probeer oorhaal na hulle geloof.

- die eerste Christelike kerk is aanvanklik deur die Jode as 'n kulte gesien omdat hulle een Man volg; hulle is ook gesien as 'n "geheimsinnige" kerk as gevolg van die feit dat hulle weggekruip het vir die vervolging.
- Verder is die Christelike geskrifte nie as kanon gesien nie. Die Nuwe Testament word immers nou nog nie as deel van die Joodse kanon erken nie
- Die Christene, soos lede van kultes, was ook baie toegewyd en het eendragtig in groepe vergader met gebed.
- Die eerste kerk is ook fel vervolgd en as "ketter" uitgekryt. Die kultes ervaar dieselfde teëkanting.

Dit laat die volgende vrae ontstaan:

- Wie sê hierdie kulte is nie weer die begin van die ware kerk nie? Het die "ou" kerke nie ook verval soos die Joodse kerke verval het nie?
- Hoekom kan ons sê dat die Kulte verkeerd is? Waar kry 'n mens die reg om iemand anders te veroordeel?
- Behoort mens iemand teë te gaan wat ook werk vir die Here?

Ons gee die volgende antwoord:

- Geen mens kan die plek van Jesus Christus inneem nie. Hy is God, die mensgeworde Woord wat die volkome versoening vir al ons sonde gedoen het. Nêrens is daar enige aanduiding dat Hy weer sal verskyn voor die wederkoms nie. Inteendeel, die Bybel leer ons juis dat die Antichris sal opstaan en homself sal voordoen as Christus.
- In die ware kerk gaan dit oor die suiwer bediening van Gods woord. Sola scriptura. Geen enkeling, kerk of organisasie kan nie enigste interpretasie van die Skrif hê nie. Die Skrifgesag lê in Skrif. Hele Skrif. Sakramente moet suiwer bedien word. Tug moet suiwer bedien word.
- Daar mag nie toegelaat word dat die mens die werk van die Antichris bevorder nie.

### 1.2 WAT LEER ONS VAN DIE KULTE?

- Hulle toegewydheid is seker een van hulle sterkste punte. Hulle ontsien geen moeite, tyd, energie om dit wat hulle glo, uit te dra nie. Ons wat volle genade van God het, moet dieselfde doen. Bestudeer die dogma en dra dit uit!
- Hulle onderlinge liefde, koinonia, is iets waarvan ons meer kan hê. Hoewel hulle motiewe ten opsigte van hierdie onderlinge gemeenskap nie altyd ewe duidelik is nie, is dit tot een van die aspekte wat hulle gebruik om hulleself meer aantreklik te maak vir lidmate van die "dooie" kerke. Ons verdra mekaar dalk - maar het ons mekaar werklik so lief dat ons met almal dal (wil) saamleef?
- Ons moet nie twyfel oor ons eie dogma nie. Ons moet wel 'n deeglike studie maak van ons eie dogma, sodat ons nie net weer WAT ons leer nie, maar ook WAAROM ons dit leer en wat die Skrifgronde vir die dogma is. Ons moet ook weet presies wat die plek van die dogma in die kerk is om hulle wanopvatting van die kerk te kan antwoord.
- Dit noop ons tot beter Skrifkennis. Die meeste mense dink dat die kultes 'n baie goeie Skrifkennis het. Tog moet mens uit die Skrif die volle raad en al die aspekte van die verlossingswerk van God ken om 'n antwoord te gee.

- Hulle erns met evangelisasie maak dat ons in skadu van kultes staan. Ons sien hulle ywer, maar is self nie bereid om iets soortgelyks te doen nie. Die gevolg is dat al meer mense na hulle prediking luister en die ware kerk in die skande gestee word omdat sy nie haar werk doen nie.

### **1.3 HOUDING TEENOOR KULTE**

1 Petrus 3:15: *Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.*

Weinig van hulle het die sekerheid van die Bybelse hoop. As hulle afdwaal, is hulle verlore. Ons weet ons Verlosser leef. Ons moet in die lig van Heidelbergse Kategismus Sondag 33 altyd wegvlug van die sonde en Satan, reguit in die arms van ons hemelse Vader.

#### **1.3.1 MOENIES**

- Moenie vyandig wees nie. Moenie die deur in hulle gesig toeslaan nie. Hulle leer dat as hulle teëstand kry dit juis die teken is dat Satan in hierdie huis werk. Dit is juis vir hulle 'n bevestiging van die "waarheid" wat hulle leer.
- Moenie hatig met hulle argumenteer nie. Hulle sien hierdie weerstand dieselfde as hierbo en maak hulle net meer oortuig dat hulle reg is. Verder sal jy nie ver vorder met logiese argumente nie, omdat hulle juis met soveel emosie hulle godsdiens beleef.
- Moenie sê dat hulle verkeerd is nie. Hulle is geleer dat hulle eie dogma die waarheid is wat op die Woord van God rus. Stel aan hulle die werklike boodskap van die Bybel - dit is wat hulle moet hoor.
- Moenie angstig wees nie. Dan is jy die maklikste prooi denkbaar. Hulle sal dan al hulle energie op jou toespits, totdat jy uiteindelik ingee. Jy het die waarheid van God se woord. Bid om die leiding van die Heilige Gees. Jy kan hulle nie alleen aanpak nie. Vra intelligente vrae en gee intelligente antwoorde.

#### **1.3.2 MOETS**

- Openbaar die gawe van geduld: Al maak hulle redenasies geen sin nie en al klink hulle argumente hoe onnosel - hulle is oortuig van hulle saak. Jy is mos ook oortuig van jou saak. Ongeduld hoort nie in die gesprek nie, omdat dit jou eie onvermoë beklemtoon.
- Toon begrip vir hulle siening van die Skrif. Hulle besef nie werklik wat hulle fout is nie, en moet heel subtiel benader word om wel die fout raak te sien.
- Onthou dat hulle leerstelling vir hulle net so belangrik is as wat ons belydenisskrifte vir ons is. Soos ons voel as hulle dit afkraak, so is die gevoel ook as ons sê dat hulle belydenisse verkeerd is.
- Deur aan hulle die ware liefde van Christus te verkondig en só op te tree, trek mens hulle eerder as met baie woorde.
- Die liefde van die kulte bind, die liefde van Christus maak vry. As die liefde so aan hulle voorgehou kan word sonder dat hulle daardeur bedreig voel, sal dit vir hulle meer aantreklik word en kan hulle so hulle eie foute raaksien.